# 1 & 2 Kronieke as 'n magsteks

**A B Geyser & A P B Breytenbach**[1]

**Departement Ou-Testamentiese Wetenskap**

**Universiteit van Pretoria**

## Abstract

## 1 & 2 Chronicles – a discourse of power

***This study compares Chronicles with its source documents. It is obvious that the authors of Chronicles omitted certain parts of the source documents on the other hand on the other emphasized certain aspects with a specific purpose. The result is that the Southern kingdom receives a positive evaluation, while the Northern kingdom is described in a negative light. David is presented as the ideal king and in contrast to Exodus is credited as the founder of the religious cult. The cult in Jerusalem is legitimized and proclaimed as the only true religion. In so doing the books of Chronicles without a doubt secured and legitimized the position and actions of the temple personnel. As long as the temple existed it functioned as a discourse of power within this community. As a discourse of power, it set boundaries and excluded different groups that were traditionally part of the people of YHWH. The destruction of the temple though, disempowered this text and opened up the way for it to become part of the Hebrew canon.***

## 1. INLEIDING

Studie van taal en tekste het die afgelope dekades nuwe wyses van verstaan en verklaring moontlik gemaak. Impulse uit die filosofie het grootliks bygedra tot hierdie vernuwing. Ontwikkeling op die terrein van die taalfilosofie het meegebring dat begrippe soos "intertekstualiteit", "meesternarratief" en "kontranarratief",[2] (om maar enkeles te noem) 'n belangrike plek gekry het in die navorsing van literatuur en die gepaardgaande diskussies daaroor.

---

[1] Die artikel is 'n verwerking van 'n deel van die DD-proefskrif van Ananda Geyser, voorberei onder promotorskap van prof dr A P B Breytenbach, emeritus professor, Departement Ou-Testamentiese Wetenskap, Universiteit van Pretoria.

[2] Die beperktheid van die studie maak dit onmoontlik om al die navorsing wat nodig was om die terme te definieer, weer te gee. Die bronne wat geraadpleeg is, is onder andere: Kristeva (1980); Van Gorp (1990); Lernout (1987); Degenaar (1995); Readings (1991); Breytenbach (1997), Cloete (1992), Goldstein (1994) en Poster (1984).

Uit hierdie navorsing het dit onder andere duidelik geword dat tekste nooit alleen staan nie, maar altyd ’n reaksie is op ’n ander teks of tekste binne ’n bepaalde konteks (intertekstualiteit). Verder word ook aanvaar dat tekste sosiaal gedetermineer is, en dat vertellings of historiografiese weergawes van dieselfde gebeure daarom feitlik sonder uitsondering van mekaar sal verskil. Geskiedskrywing kan dus nooit objektief wees nie en die verteller daarvan het altyd (bewustelik of onbewustelik) ’n *bepaalde doel* voor oë met die vertelling. Met betrekking tot die doel van geskiedskrywing het Jeismann (1985:13ev) veral twee sake beklemtoon, naamlik dat geskiedenis vertel word en/of geskryf word om (hetsy bewustelik of onbewustelik) *eie identiteit te begrond* in die hede, asook om huidige *aansprake te legitimeer*. Hy vat dit soos volg saam:

- Vorstellung von Vergangenheit prägt Gegenwartsbewußtsein in einer tiefen, sozialpsychischen, weit ins Unbewußte reichenden Schicht durch die Fundamentierung von Identitätsempfinden und -bewußtsein.
- Eine zweite, klar auszumachende Funktion des Rückgriffs auf Geschichte ist die der Legitimierung von Zuständen oder Ansprüchen.

Deist (1995:67) wys op die magspel agter gesagvolle werke en stel die vraag wie die *belangegroep* agter tekste is: “Tradition is not static, though. As time and living conditions change, the social fabric of the group changes and with it the group’s sense of *identity* – and therefore also tradition itself” (eie beklemtoning). Deist (1995:70) sê ook die skep van kanons is die werk van elitistiese groepe. Hy sê dat ’n kanon gebruik kan word om die *uitsluiting van buitestaanders te legitimeer* en wanneer ’n kanon vasgestel is, word dit deur die uitverkore “elite” aan wie die mag toegeken is, bewaar (vgl ook Van Rooy 1994:164). Die navorsing oor meesternarratiewe (of meesterkodes) en kontranarratiewe (of kleinverhale) het ook ’n nuwe verstaan van die magte agter tekste tot gevolg gehad: Kontranarratiewe word ingeskryf teen ’n meesternarratief, nie om die meesternarratief te vervang nie, maar om dit te “ont-dogma”. Kontranarratiewe is juis gerig téén die geneigdheid van meesternarratiewe om te totaliseer en te marginaliseer. Dit word ingeskryf teen die aanspraak wat meesternarratiewe maak op universele waarheid (vgl Breytenbach 1997:1166). Die sosiale konteks (of situasie) motiveer dus ’n historiograaf om die geskiedenis oor te vertel met eie seleksie van material, eie nuansering en eie beklemtoning. Met behulp van die vertelling ondersteun of weerspreek ’n verteller bestaande narratiewe. Die doel daarvan is dan om (soos aangedui) ’n bepaalde groep se identiteit te versterk en om gebruike of aansprake vanuit die verlede te legitimeer. Deur hierdie “identiteitsvinding”

word die bepaalde groep se aanspraak op uitsluiting van buitestaanders geregverdig en sodoende word daar aan hulle *mag* verleen.

Die term "magsteks" lê in dieselfde kader en kan soos volg gedefinieer word: *"Magsteks" is 'n teks wat 'n historiograaf in bepaalde omstandighede skep om 'n bepaalde groep se identiteit te versterk en aan hulle mag te gee; om daardie groep se optredes en aansprake te legitimeer en in die proses ander groepe uit te sluit.* 'n Magsteks ontstaan altyd in bepaalde omstandighede en word geskryf vir bepaalde omstandighede. 'n Magsteks kan dus net as 'n magsteks funksioneer solank as wat die konteks waarvoor dit geskryf is, bestaan. Die oomblik wanneer die omstandighede verander, kan die teks streng gesproke nie meer funksioneer as 'n magsteks nie.[3]

Die doel van hierdie artikel is om te vra na die magte agter 1 en 2 Kronieke. Dit is algemene kennis dat die Kroniekskrywer(s) uiters selektief te werk gegaan het met bronmateriaal (Genesis, Samuel, Konings en kleiner seleksies uit ander bronne) en dat eie nuanserings, weglatings en byvoegings kenmerkend is van hierdie stuk "geskiedskrywing" (vgl bv Auld 1999). Die vraag is dan: Wie kon baat by so 'n herskryf van ander vertellings? Of anders gestel: Aan wie sou die teks van Kronieke mag verleen en wie sou daardeur "uitgesluit" word? Om hierdie vrae te beantwoord sal dit eerstens nodig wees om die omstandighede (konteks) waarin en waarvoor Kronieke geskryf is, nader te bepaal. Daarna sal daar 'n vergelyking getref word tussen Kronieke en boeke met ooreenstemmende inhoud (brontekste). Die mees opvallende en relevante verskille sal geïdentifiseer word en binne konteks aandag kry. Dit sal dan moontlik wees om die ideologie van die skrywer(s) te bepaal. Aan die hand van die ideologie, met inagneming van die konteks (sosiale teks), sal dit moontlik wees om te bepaal hoe die boek as magsteks gefunksioneer het.

## 2. DIE MOONTLIKE KONTEKS VAN 1 EN 2 KRONIEKE

Die datering van die boeke 1 en 2 Kronieke kan nader bepaal word deur te let op die taalgebruik en inhoud van die boek. In die boek kom sekere woorde voor wat vreemd is aan die res van die Ou Testament, maar wat wel in post-eksiliese literatuur voorkom. Van hierdie woorde is tiperend van die taal wat gebruik is in die tyd van die tweede tempel. Terminologie wat gewoonlik voorkom met betrekking tot die kultus, word ook meer gereeld in hierdie boek aangetref as in ander bronne (Williamson 1977:45-47). Net so kom daar uitdrukkings voor in Kronieke wat relatief laat ontstaan het, wat standaard uitdrukkings is en wat gewoonlik met die tempel geassosieer word. Taal en terminologie wat in die Rabbynse literatuur, die Targum en die Qumran-geskrifte voorkom, is ook algemeen in dié boek (Williamson 1977:48-59). Die

[3] 'n Goeie voorbeeld hiervan in die geskiedenis is die kommunisme in Rusland. Die tekste wat dié bewind moes legitimeer het effektief hulle krag ingeboet toe Boris Yeltsin Rusland onafhanklik verklaar en demokrasie ingestel het.

woordeskat wat in die boek Kronieke gebruik word, mag soms vreemd wees in vergelyking met dié in die res van die Hebreeuse Bybel, maar is heel gewoon in vergelyking met die Rabbynse Hebreeus asook die Hebreeus van die Mishnah en die Targum (Kalimi 2005:278).

Williamson (1977:83) gee 'n opsomming van die meeste argumente wat gebruik word om die boek Kronieke in die laat-Persiese tyd te dateer: Eerstens blyk dit uit die inhoud van die boek dat die outeur nie oor inligting later as die Persiese era beskik het nie (vgl 2 Kron 36:21). Tweedens is daar geen aanduidings, taalgewys of ideologies, van Hellenistiese invloed nie. Derdens is daar sekere aspekte wat eerder op 'n laat-Persiese tyd as 'n vroeë een dui (vgl o a 1 Kron 3:17-24). Vierdens word die muntsoort (darieke) waarna in 1 Kronieke 29:7 verwys word, algemeen aanvaar as die Persiese darieke wat deur Darius I gemunt is. (Vgl ook Wilcock 1987 vir 'n bespreking van die datering.) Kalimi (2005:1) sê dat dit algemeen aanvaar word dat die boek saamgestel is in die tyd van die tweede tempel en gee die vernaamste redes daarvoor as die taalgebruik asook verwysings na karakters of gebeure wat uit die Persiese tyd dateer. Baie geleerdes is van mening dat die boek deur Leviete geskryf is (vgl o a Smith 1988:257; Labahn 2003:115).

Aangesien daar so min historiese werke van hierdie tyd is, is dit nie moontlik om 'n klinkklare uiteensetting van die sosiaal-politieke omstandighede van die boek te gee nie (vgl Riley 1993; Grabbe 1994, 1999; Smith 1988:219-247 asook Smith 1987:113 vir 'n bespreking van die godsdienstige lewe en kultus in Jerusalem tydens die Persiese bewind). Na bestudering van veral buite-Bybelse bronne het geleerdes gepoog om die struktuur van die samelewing vas te stel. Smith (1988:219) meen dat daar priesterlike families was wat deel was van die groter stam van die Leviete en wat priesterlike funksies verrig het by heiligdomme in Israelitiese woongebied. Toe hierdie provinsiale heiligdomme vernietig is deur vreemde invalle of onderdruk is deur interne hervorming, het die priesters van Jerusalem geweier dat die provinsiale Leviete diens verrig in die tempel. Hulle het in Nehemia se tyd 'n regerende groep geword aangesien Nehemia hulle na Jerusalem ontbied het, hulle in die tempel aangewend het as wagte en vir hulle tien persent van die belasting op die landbouprodukte van die provinsie as onderhoud gegee het. Toe hulle eers in die tempel gestasioneer was, het hulle allerhande ander funksies in die tempel begin verrig. Carroll (1994) en Clines (1994) argumenteer dat die tweede tempel nie van veel belang was vir die Bybelskrywers nie. Volgens hulle was die vashou aan die tempel in Jerusalem 'n sektariese aktiwiteit wat 'n klein groepie se standpunt verteenwoordig het en was die herbou van die tempel nie in belang van die volk nie. Hulle wys daarop dat die tempel 'n prestige projek was, wat deur die *elite* aangemoedig is en dat die konstruksie daarvan hulle ydelheid gedien het. Clines se siening oor die Judese geskiedenis laat baie ruimte vir debat en

is myns insiens te radikaal. Hy het egter gelyk wanneer hy verwys na die verryking van die tempelpersoneel, na die feit dat hulle 'n elitistiese groep was ('n oorblyfsel van die "ware" Israel) asook die feit dat hulle by implikasie die tempelkultus wou afdwing op die res van Israel (vgl ook Albertz 2003:2; Japhet 1999).

## 3. SELEKTIEWE WEGLATINGS EN BYVOEGINGS IN DIE GEBRUIK VAN DIE BRONTEKS

Vroeër is reeds aangedui dat geskiedskrywing gekenmerk word deur seleksies, nuanserings en eie beklemtonings van bronne om by die situasie van die outeur aan te pas (vgl Kalimi 2005; Duke 1999). Daar is ook verwys na die verskynsel van selektiewe aanbieding in die boek Kronieke. Dit is duidelik dat sekere aspekte in die boek Kronieke beklemtoon en genuanseer is deur selektiewe skryf (vgl Riley 1993:28). In wat nou volg sal daar spesifiek aandag gegee word aan die seleksies wat gemaak is in die skryf van die boek asook die oor- en onderbeklemtoning van bronmateriaal.

### 3.1 Geslagsregisters

Die eerste nege hoofstukke van Kronieke word aan geslagsregisters gewy. Van meet af aan is dit duidelik dat die Kroniekskrywer(s) deur geslags-registers sekere groepe uitsluit en ander inskryf. In die eerste gedeelte (1 Kron 1:1-2:1) word die voorvaders gelys vanaf Adam tot by die twaalf seuns van Israel. In 1 Kronieke 1:1-4 word die name van die persone tussen Adam en Noag gelys, vanaf vers 5-23 die geslagsregister van die seuns van Noag en in verse 38-54 is daar materiaal oor die Edomiete. Vanaf Adam is daar tien geslagte tot by Noag (1 Kron 1:1-4a). Hierdie lyn van tien geslagte begin verdeel vanaf 1 Kronieke 1:4b, maar 'n volgende lyn loop vanaf Noag se seun Sem na Abraham (1 Kron 1:17-28), Isak (1 Kron 1:34) en Israel (d w s Jakob, vgl 1 Kronieke 2:1-2 asook 1 Kronieke 1:24-28, 34). Die lyn loop verder deur Juda, Hesron (1 Kron 2:3-9), Isaï, Dawid (1 Kron 2:1; 3-5; 9-15) en die daaropvolgende twintig konings tot by Sedekia (1 Kron 3:1, 5; 10-16). Dit eindig ná die Babiloniese ballingskap by die jongste generasie (1 Kron 3:17-24).

Alhoewel hierdie geslagslyn kennelik die belangrikste is, word daar ook aan die onmiddellike familie van elke belangrike persoon in die hooflyn aandag gegee. Families wat genoem word is byvoorbeeld dié van Noag (1 Kron 1:4), van Israel [Jakob] 1 Kron 2:1-2), van Isaï en Dawid (1 Kron 2:13-16; 3:1-9), van Josia en Jojakim (1 Kron 3:15-16). Waar hierdie bywerkings plaasvind, kan die eerste seun wat genoem word die oudste wees, soos die geval is met Noag se seun Sem (1 Kron 1:4) en Jakob se seun Ruben (1 Kron

2:1), maar dit kan ook ’n jonger en belangriker nasaat wees, soos die geval is met Abraham se seun Isak (1 Kron 1:28). Die lyste is kennelik aan Genesis ontleen.[4] Daar is ooreenkoms met die materiaal in Genesis, maar tóg is die weergawe in Kronieke nie identies nie. Dit wil voorkom of die geslagsregisters in Kronieke nie ’n natuurlike lyn weergee nie, maar wel die “uitverkore” groep se geslagslyne. Met die uitsondering van twee gedeeltes (1 Kron 1:32-33: Abraham se nageslag; 1 Kron 2:1-2: Israel/Jakob se nageslag), word dieselfde volgorde gehandhaaf as in Genesis. Deur Ismael en sy nageslag eerste te plaas, kry die verhaal van Ketura ’n ander plek as wat mens op grond van Genesis 25 sou verwag (vgl 1 Kron 1:29-31 met Gen 25:13-16 en Gen 25:1-4). Waar vroeër telkens gebruik gemaak is van naamwoord-konstruksies (“seun van”), word in laasgenoemde geval ’n werkwoord gebruik om dit duidelik te stel dat Abraham vir Isak verwek het. In 1 Kronieke 1:34 word die werkwoord ילד spesifiek gebruik om die bloedlyn te beklemtoon. Wanneer daar dan na Abraham se geslag verwys word staan daar letterlik “en hy, Abraham, het *verwek* vir Isak en vir Israel.” Volgens die Pentateug is Abraham die vader van al die Hebreërs, daarom is dit in die Kronieke-narratief baie belangrik dat die bloedlyn beklemtoon word, naamlik dat Abraham die direkte grootvader van Israel was.

Die tweede gedeelte van die geslagslyste strek vanaf 1 Kronieke 2:2-4:23. Die inhoud kan in drie dele verdeel word, naamlik: 1 Kronieke 2:3-55 – Eerste gedeelte van die geslagsregister van die stam Juda; 1 Kronieke 3:1-24 – Dinastie van Dawid; 1 Kronieke 4:1-23 – Tweede gedeelte van Juda se geslagsregister. Direk nadat die twaalf seuns van Jakob (Israel) genoem is, word daar op Juda gefokus (1 Kron 2:3). In volgorde is hy vierde, maar omdat hy van groot belang is (en gaan wees) in Kronieke, word hy eerste genoem. Juda word ook in 1 Kronieke 5:1-2 op die voorgrond geplaas (sien ’n latere bespreking hiervan). Die feit dat Dawid se koningskap in die middel van Juda se geslagsregister geplaas word is baie opvallend asook die feit dat daar geen verwysing is na die Batseba-vertelling (vgl 2 Sam 11) nie, selfs haar naam word in 1 Kronieke 3:5 verander. Daar staan naamlik dat Salomo se

---

[4] 1 Kron 1:1-4 – Vanaf Adam tot by Noag – Gen 5:1-32
1 Kron 1:5-7 – Nageslag van Jafet – Gen 10:2-4
1 Kron 1:8-16 – Nageslag van Gam – Gen 10:6-8, 13-18
1 Kron 1:17-23 – Nageslag van Sem – Gen 10:22-29
1 Kron 1:24-27 – Aartsvaders van Sem tot Abraham – Gen 11:10-26
1 Kron 1:28 – Seuns van Abraham – eie materiaal
1 Kron 1:29-31 – Seuns van Ismael – Gen 25:13-16
1 Kron 1:32-33 – Seuns van Abraham by Ketura – Gen 25:1-4
1 Kron 1:34 – Abraham se kleinseuns via Isak: Esau en Israel – Gen 25:19-26
1 Kron 1:35-37 – Nageslag van Esau – Gen 36:4-5, 9-14
1 Kron 1:38-42 – Nageslag van Esau – Gen 36:20-28
1 Kron 1:43-50 – Konings van Edom – Gen 36:31-39
1 Kron 1:51-54 – Vorste van Edom na Hadad se dood – Gen 36:4-43
1 Kron 2:1-2 – Seuns van Israel – Eks 1:2-4.

moeder Bat-sua was. Die plek waar Sela se geslagsregister ter sprake kom, is ook vreemd. Hy was die enigste oorlewende seun van Juda en mens sou verwag dat hy eerste (in 1 Kron 2:3) genoem sou word. Hy word egter heel laaste geplaas (1 Kron 4:21-23). Dit gebeur omdat die Kroniekskrywer(s) 'n bepaalde stamboom benodig om Dawid in te skryf, naamlik dié van Tamar. Nog iets wat opvallend is in hierdie deel, is dat Tamar en Juda se verhaal van ontug wat breedvoerig vertel word in Genesis 38, in Kronieke nie eens genoem word nie. Deur die Juda-Tamar episode te verswyg bly die beeld van Dawid ongeskonde. Hiermee slaag Kronieke daarin om beide Juda en Tamar in 'n gunstiger lig te plaas. Uit Tamar se nageslag kom Isaï die vader van Dawid voort. 1 Kronieke 2:3-4:23 maak hoofsaaklik van eie material gebruik. Dit is slegs waar Dawid ter sprake kom waar daar enkele ontlenings aan ander tekste in die Ou Testament is. (In 1 Kron 2:9-15 is daar ooreenkoms met Rut 4:18-22. In 1 Kron 3:1-9 word 'n paar verse uit 2 Sam 3 en 5 gebruik). Die Kroniekskrywer(s) gebruik getalle om elke seun van Isaï mee aan te dui. Daarvolgens was Dawid die sewende (1 Kron 2:15). Die feit dat die getalle pertinent genoem word en dat Dawid volgens Samuel (1 Sam 16:10-11; 17:12-14) die agtste seun van Isaï was, dui weer eens op die klem wat Dawid moes kry. Waar sewe op die volmaakte dui, manupileer Kronieke die narratief sodat Dawid die sewende kind is (Kalimi 2005:367 verwys ook hierna). In vergelyking met die res van die geslagslyste word baie ruimte bestee aan Dawid se nageslag (1 Kron 2:13-17; 3:1-9) asook aan sy ander familie binne die stam van Juda (1 Kron 2:18-55).

Dit is opmerklik dat Abraham en Moses met wie JHWH verbonde gesluit het, in die geslagsregisters geen besondere aandag kry nie, maar slegs genoem word. In Kronieke word daar net na Moses verwys wanneer dit betrekking het op die religie of kultus.[5] Die min aandag wat JHWH se verbonde met Abraham en Moses in Kronieke ontvang, is klaarblyklik gemotiveer deur die beklemtoning van die figuur van Dawid. Verder verteenwoordig hierdie twee persone teologieë wat in stryd is met die

---

[5] Vergelyk onder andere 1 Kron 15:15 waarvolgens die Leviete die ark gedra het soos wat Moses beveel het; in 1 Kron 21:29 word verwys na die tabernakel wat deur Moses in die woestyn gebou is; 1 Kron 22:13 noem dat die volk voorspoedig sal wees as hulle by die verordeninge hou soos wat Moses dit ingestel het; 1 Kron 23:13 wys daarop dat Moses se nageslag by die stam van Levi ingereken is; in 1 Kron 26:24 word genoem dat Sebuel 'n seun uit Moses se nageslag die owerste oor die skatte was; 2 Kron 1:3 verwys daarna dat die hele volk na die tent van samekoms, wat Moses gemaak het, gegaan het; 2 Kron 5:10 noem dat daar niks anders in die ark was as die tafels wat Moses by Horeb daarin gesit het nie; in 2 Kron 8:13 staan daar dat die volk volgens Moses se gebod moes offer; 2 Kron 24:6,9 beklemtoon die belastings soos deur Moses ingestel; 2 Kron 25:4 verwys na die wet as die boek van Moses en sê dat die koning daarvolgens opgetree het; 2 Kron 30:16 wys daarop dat die priesters en die Leviete by die pasga hulle plekke ingeneem het soos wat Moses se wet beveel het; in 2 Kron 33:8 staan daar dat die volk se toekoms verseker is solank hulle hou by die wet van Moses; volgens 2 Kron 34:14 was die wetboek wat gevind is, dié van Moses en in 2 Kron 35:6,12 word daarop gewys dat die pasga en offers gebring is soos wat dit deur Moses ingestel is.

ideologie van Kronieke. Dit wat hulle verteenwoordig pas nie in by die ideale figuur wat Kronieke in die persoon van Dawid skep nie. Albei is in elk geval ook met die Noordryk geassosieer. Abraham het in Sigem en nog vele ander plekke geoffer terwyl Moses in die tent van ontmoeting oral in die woestyn geoffer het maar self nooit in Jerusalem was nie. Abraham het gedurende sy rondtrekkery met ’n verskeidenhied ander volke te doen gekry en ook met hulle onderhandel, iets wat in Kronieke sterk afgekeur word. Hy was byvoorbeeld in Ur van die Galdeërs (Babiloniërs), Haran van die Wes-Semitiese Amoriete en Arameërs (vgl ook Gen 12:6; 13:7b; 23; 12:10-20 en 20). Hierdie optrede is in teenstelling met wat in Kronieke beskryf word as die ideale Judeër. Abraham word in die Pentateug beskryf as die vader van baie nasies, terwyl daar volgens die boek Kronieke, slegs een ware volk van JHWH is, naamlik die Judeërs wat in Jerusalem in die tempel volgens die regte voorskrifte aanbid. Op dieselfde wyse word die hele intog-vertelling geïgnoreer, aangesien dit in stryd is met die siening van die boek Kronieke. Selfs by die opnoem van Efraim se nageslag (1 Kron 7:20-29), waar Joshua eksplisiet vermeld word, is daar geen verwysing na die feit dat hy die volk in die land ingelei het nie. Net so word vertel dat Manasse se nageslag (1 Kron 7:29) van altyd af in die gebied gewoon het. Dit verskil van die weergawe(s) in Joshua en Rigters.

Die vertelling oor Ruben trek onmiddellik aandag. Alhoewel Ruben die eersgeborene was, het hy bloedskande gepleeg en daarom het Josef sy plek oorgeneem. Juda het egter uiteindelik die plek van die eersgeborene ingeneem aangesien daar ’n vors uit hom voortgekom het (1 Kron 5:1-2). Hierdie is baie duidelik ’n eie bywerking en interpretasie van die outeur om kommentaar te lewer op die bestaande of oorgelewerde teks.

In 1 Kronieke 5:27-6:66 word die nakomelinge van die stam Levi gegee, asook die diens wat hulle verrig het. Aan die bespreking van hierdie stam word dieselfde tyd en plek afgestaan as aan al die ander stamme saam. Dit is duidelik dat die skrywer(s) van Kronieke die stam hiermee wil uitsonder en beklemtoon. Beentjes (2002:54) wys daarop dat daar in die eerste gedeelte (1 Kron 5:27-41) sekere dele van die bestaande narratief (Gen 46:11; Eks 6:16-25; Num 3:17-39; 26:57-61) gebruik is, maar dat dit op ’n eie manier georden en geplaas is. Daar word gefokus op Levi se seun Kehat. Die persoon wat diens gelewer het, word telkens eerste genoem (Kehat, Amram, Aäron, Eleasar, Pinehas ...), sodat daar ’n regstreekse lyn van opvolging ontstaan vanaf Aäron en Eleasar tot met die ballingskap. Deur hierdie seleksie word Moses prakties uitgeskakel en word hy slegs genoem as die broer van Aäron en Mirjam. Opvallend is ook die feit dat die bou van die tempel spesifiek genoem word asook die priester wat in daardie tyd die diens verrig het (1 Kron 5:36). Hieruit is dit duidelik dat die tempelpersoneel (veral

die priesters en Leviete), asook die diens wat hulle verrig het, van uiterste belang was vir die skrywer(s) van die boek Kronieke.

Die beklemtoning van die tempelpersoneel kan op meer as een plek aangedui word. Dat hierdie geslagsregister van die priesters eindig met die priesters wat in Dawid se tyd diens verrig het, is ’n voorbeeld daarvan. In die laaste gedeelte van hierdie perikoop (1 Kron 6:39-66) is duidelike ooreenkomste te bespeur met Josua 21. Weer eens is die seleksie en die plasing van die materiaal opvallend. Terwyl in Josua 21:2 en 8 spesifiek genoem word dat JHWH aan Moses die opdragte gegee het, is daar in Kronieke geen sprake daarvan nie (1 Kron 6:49).

In 1 Kronieke 8:1-40 word die geslagsregister van Benjamin gegee. Met die eerste oogopslag lyk dit vreemd, aangesien daar reeds ’n geslagsregister in 1 Kronieke 7:6-11 is. Dit wil egter voorkom asof dit nodig was om in die boek Kronieke ’n duidelike onderskeid te maak tussen ’n deel van die stam wat onder die Noordryk geval het en die groter persentasie van die stam Benjamin, wat in 1 Kronieke 8 genoem word en wat klaarblyklik van groter belang was. Die naam Benjamin is die eerste (8:1) sowel as die laaste (8:40) woord in hierdie perikoop. Die beklemtoning van hierdie stam toon sterk ooreenkomste met die beklemtoning van die ander twee klaarblyklik belangrike stamme in die boek Kronieke, naamlik die stam van Juda (1 Kron 2:3-4:23) en Levi (1 Kron 5:27-6:66). Net soos hierdie twee stamme, word Benjamin se stam weergegee met ’n uitgebreide lys van nakomelinge. Dit is dan ook hierdie drie stamme wat in die boek Kronieke voorgestel word as die wat vóór die ballingskap onvoorwaardelik getrou gebly het aan Dawid en die tempel in Jerusalem.

Beentjes (2002:73) stel dat 1 Kronieke 9:1 ’n teologies swaar gelaaide afsluiting is (“[D]e omvang van alle stammen, van heel Israël is nu officieel vastgelegd”), aangesien dit daarop dui dat die “hele Israel” nou geregistreer is en dat dit onveranderbaar vasgestel is wie aan Israel behoort. Hy wys daarop dat die term die “hele Israel” hier vir die eerste keer in Kronieke gebruik word en dat dit omtrent nog veertig keer in die res van die boek voorkom. Die term is dan ook eie materiaal en nie iets wat in die brontekste voorkom nie. Die stelling dat hulle “in die boek van die konings van Israel” opgeneem is, verleen meer gewig daaraan. Die feit dat hierdie vers vermeld dat Juda in ballingskap weggevoer is, asook die rede daarvoor, naamlik hulle ontrou, dra by tot die gewigtige inhoud daarvan. Beentjes (2002:75) verkies om 1 Kronieke 9:1-2 as ’n eenheid te sien: “De Kronist heeft nu immers in een lang exposé (2:3-9:2) alles van de stammen, het land en zijn inwoners in kaart gebracht. Nu kan hij zich eindelijk gaan concentreren op Jeruzalem, in het bijzonder op de tempel.”

Die tweede gedeelte van 1 Kronieke 9 (vs 3-34) is ’n vertelling oor wie in Jerusalem gewoon het na die ballingskap. Die gedeelte word omsluit met dieselfde uitdrukking: “En in Jerusalem het gewoon ...” (1 Kron 9:3 – Ou Afrikaanse Vertaling (OAV)) en “... hulle het in Jerusalem gewoon” (1 Kron 9:34 – OAV). Binne die gedeelte is twee perikope onderskeibaar. Die eerste is die een waarin die volk bespreek word (1 Kron 9:3-9), waar daar weer spesifiek melding gemaak word van Juda en Benjamin asook hulle nageslag. Dit word afgesluit met die familiehoofde. Die tweede is die een waarin die persone wat diens in die tempel verrig het, genoem word (1 Kron 9:10-34). Die feit dat die tempelpersoneel se bespreking meer aandag kry, kan toegeskryf word aan die klem wat Kronieke op hulle en hulle dienste wil plaas en daarmee saam die beklemtoning van die tempel en sy kultus. In 1 Kronieke 9:5 word selfs van “Siloniete” gepraat, wat moontlik op Silo en die heiligdom wat daar was, dui. Dit is ’n poging om die historiese belangrikheid van die kultusplek in Silo na Jerusalem te verplaas: Die plek waar die tent van samekoms gestaan het (Jos 18:1), waar die ark ook eens gestaan het (1 Sam 1-7), die Levietestad (Jos 21:2) en die godsdienssentrum van die Noordryk (Rigt 21:19) word in die boek Kronieke “vervang” deur die tempel in Jerusalem.

### 3.2 Die konings van Juda

Na die geslagslyste volg narratiewe materiaal. Die grootste gedeelte van dié materiaal (1 Kron 10-2 en 36:16) word gewy aan die vertelling oor die konings van Juda. Hulle optrede en gehoorsaamheid aan JHWH word beoordeel volgens hulle betrokkenheid by die tempelkultus in Jerusalem.

#### 3.2.1 Saul

Opvallend is die feit dat Saul op die toneel gebring word, maar onmiddellik daarna word vertel van sy dood (vgl Kalimi 2005:166 – “[A]n author-creator ... can express his attitude toward characters in his work ... [in] the frequency with which he has them appear in a given episode”). Die hele verhaal van JHWH se verkiesing van Saul as koning (vgl 1 Sam 9-10), sy goeie kwaliteite (1 Sam 9:2; 10:23) en salwing deur die profeet Samuel word glad nie in die boek Kronieke genoem nie. Nóg Saul se oorwinnings in oorloë, nóg die tweestryd tussen hom en Dawid word vermeld. Nog minder is daar ’n verwysing na die feit dat Dawid eers Saul se dienaar was. Verdere voorbeelde van Kronieke se ongunstige hantering van Saul is onder andere sy vernederende en oneervolle dood, waar hy homself om die lewe bring (1 Kron 10:3-5), die feit dat sy lyk vir ’n paar dae in die veld gelê het voor hy begrawe is (1 Kron 10:8-12 vgl daarteenoor die vertelling in 2 Sam 31:1-13 waarvolgens sy lyk in Bet-San aan die muur opgehang is) en dat hy toe in

Jabes onder ’n terpentynboom begrawe is en nie in ’n familiegraf nie (vgl Kalimi 2005:326 vir ’n bespreking van Saul se dood).

Daar word ’n kontras geskep tussen Saul en Dawid deur te sê dat Dawid JHWH om hulp gevra het voordat hy teen die Filistyne geveg het en volgens die Samuel-vertelling (1 Sam 28:15) het Saul JHWH probeer raadpleeg, maar JHWH het hom nie geantwoord nie. Omdat dit in stryd is met die teologiese beskouing van Kronieke,[6] is die teks aangepas om te sê dat hy ’n afgestorwene om inligting gevra het en nie JHWH geraadpleeg het nie (Kalimi 2005:327-328). Dit word ook voorgehou as die rede vir sy veroordeling, die beëindiging van sy koningskap en die verkiesing van Dawid (1 Kron 10:13-14): Hy was *ontrou* (מעל) aan JHWH. Saul se kultiese oortreding word nie net deur die gebruik van מעל geïmpliseer nie, maar ook deur die stelling ולא דרש ביהוה. Aangesien die navolg van JHWH by uitstek belangstelling asook betrokkenheid by die kultus insluit, is dit duidelik dat Saul die kultus gefaal het. In 1 Kronieke 13:3 is die kontras tussen hom en Dawid (wat oor die ark besorg is) baie duidelik. Nog ’n negatiewe verbintenis tussen Saul en die ark is die verwysing na sy dogter, Migal se ontevredenheid oor Dawid se kultiese dans voor die ark (1 Kron 15:29). Op meer as een plek staan die figuur van Saul téénoor dié van Dawid (Kalimi 2005:330-331). Saul se ontrou aan die kultus, veroorsaak dat hy nie by die ideologie van Kronieke inpas nie en daarom word hy negatief beoordeel.

### 3.2.2 Dawid

Volgens Kronieke het Dawid sy koningskap en heerskappy van JHWH ontvang (1 Kron 10:14; 2 Kron 6:6) en was hy ook die eerste persoon wat voorskrifte van JHWH ontvang het. Aan die begin sowel as aan die einde van 1 Kronieke 11-12 word daar vertel van Dawid se inhuldiging by Hebron deur die hele Israel. Dit veroorsaak ’n chronologiese oneffenheid. ’n Mens verwag dat die verowering van Jerusalem ná 1 Kronieke 12:39-41 sou volg, maar dit word onmiddellik na 1 Kronieke 11:4-9 geplaas. Pas nadat Dawid as koning gesalf is, verower hy, aan die hoof van “die hele Israel”, die stad Jerusalem. Die vertelling in 2 Samuel 5:4-5, word weggelaat in Kronieke. Volgens die Samuel-teks was Dawid eers sewe jaar en ses maande koning oor Juda en daarna drie en dertig jaar oor die hele Israel en Juda. Volgens Kronieke was Dawid van die begin af koning oor “die hele Israel”. In Kronieke is daar nie net gunstige verwysings na Dawid nie, maar ook ’n duidelike beheptheid met hom. Naas die vertelling oor sy regering (1 Kron 11-29) en die genealogiese material (1 Kron 2:9-17; 3:1-24) is daar nog 76 addisionele plekke waar die

[6] 1 Kron 28:9: “… As jy Hom soek, sal Hy Hom deur jou laat vind; maar as jy Hom verlaat, sal Hy jou vir altyd verstoot” (OAV). 2 Kron 15:2: “… Die Here is met julle as julle met Hom is, en as julle Hom soek, sal Hy Hom deur julle laat vind; maar as julle Hom verlaat, sal Hy julle verlaat” (OAV).

naam דויד voorkom (Riley 1993:53). Kalimi (2005:167-170) verwys na die Kroniekskrywer(s) se doelbewuste pogings om die naam דויד op die voorgrond te stoot. Hy doen dit deur die term המלך met דויד te vervang (vgl o a 2 Sam 24:2 met 1 Kron 21:2; 2 Sam 24:9 met 1 Kron 21:5; 2 Sam 24:20 met 1 Kron 21:21); deur die persoonsnaam by die koningstitel te voeg (vgl o a 2 Sam 24:24 met 1 Kron 21:24) asook deur direkte rede met indirekte rede te vervang en op dié wyse die persoonsnaam meermale te gebruik (vgl o a 2 Sam 24:18 – ויבא־גד אל־דוד ביום ההוא ויאמר לו עלה הקם ליהוה מזבח met 1 Kronieke 21:18 – ומלאך יהוה אמר אל־גד לאמר לדויד כי יעלה דויד להקים מזבח).

Nog ’n voorbeeld waar die bronteks gemanipuleer is om Dawid in ’n gunstige lig te plaas, is 1 Kronieke 14:12 (Kalimi 2005:154-155). Volgens die Samuel-vertelling (2 Sam 5:17-21) het Dawid en sy manskappe die afgode van die Filistyne geneem nadat hulle hulle verslaan het. Hierdie handeling is in teenstelling met die voorskrifte van die Torah (Deut 7:25; vgl ook Deut 7:5; 12:3) en beeld Dawid uit as iemand wat nie die gebod ken of hom nie daaraan steur nie. Dit strook natuurlik nie met die beskrywing van Dawid in die boek Kronieke nie. Die Kroniekskrywer(s) los hierdie dilemma op deur die teks te verander. Sodoende word vertel dat Dawid nie net die gode verwoes het nie, maar dat hy ook opdrag gegee het dat daarmee te werk gegaan moes word presies soos wat dit in die Torah voorgeskryf word (Kalimi 2005:156). Dawid word geteken as die belangrikste beskermheer van die kultus in Jerusalem asook die stigter daarvan. Dit is onder andere duidelik in 1 Kronieke 6:38 waar die lys van die priesters eindig by dié wat in sy tyd diens verrig het. Dawid word uitgebeeld as die een wat besorg was oor die kultus. Hy het die tempelpersoneel self uitgesoek en ingedeel (1 Kron 9:22). Hierdie indeling sou ook deur latere geslagte gevolg word (2 Kron 23:18; 29:25-30). Verder het hy die ark uit Kirjat-Jearim gebring na die plek wat hy (Dawid) daarvoor ingerig het deurdat hy ’n tent daarvoor in Jerusalem opgeslaan het (2 Kron 1:4). Hy is ook die een wat die altaar vir JHWH op die dorsvloer van Ornan moes oprig (1 Kron 21:18-22:5). Dawid word as priester (of met priesterlike funksies) uitgebeeld, onder andere in die vertelling van die suksesvolle verskuiwing van die verbondsark na Jerusalem (1 Kron 15:1-16:43) en die feit dat hy die mense geseën het in die naam van JHWH (בשׁם יהוה – 1 Kron 16:2) wat normaalweg die voorreg van ’n priester was. Dawid wou ’n tempel bou vir JHWH (2 Kron 2:6, 6:7) en het ook skatte voorsien vir die tempel (2 Kron 5:1). Selfs die musiekinstrumente en lofliedere waarmee JHWH vereer moes word, word aan Dawid toegeskryf (2 Kron 7:6); net so ook die skilde wat later in die tempel ’n plek gekry het (2 Kron 23:9). Kronieke beeld Dawid se betrokkenheid by die tempel en kultiese instellings uit as ’n voorbeeld en riglyn vir latere geslagte (2 Kron 33:7; 35:4, 15; en 2 Kron 8:14). Alhoewel hy

nie self die tempel bou nie, kies hy die plek waar dit gebou moet word (1 Kron 21:18-22:1), sorg hy vir die nodige boumateriaal (1 Kron 22:2-5, 14-16; 29:2-9, 17 vgl ook 1 Kron 18:8-11) en organiseer hy die personeel vir die kultus (1 Kron 15:2-24; 16:4-7, 37-42; 23:2-26; 32; 28:13, 21). Dawid tel die Leviete en stel hulle diens vas (1 Kron 23 en 26), verdeel die priesters in vier-en-twintig groepe (1 Kron 24) en tel en verdeel die heilige sangers (1 Kron 25) en die tempelwagters. Hy beveel sy seun Salomo eksplisiet om die tempel te bou (1 Kron 22:6-19; 28:1-10, 20-21; 29:19) en die belangrikste is dat hy die plan (תבנית) vir die tempel uit JHWH se hand ontvang (1 Kron 28:11-19). Die feit dat hy sy voorskrifte direk van JHWH ontvang en dat hy die tempel en kultusseremonies inrig net soos wat Moses in die woestyn die wet ontvang het en die tent van aanbidding en ark ingerig het, laat by die leser die gedagte dat Dawid ’n Moses redivivus was. In hierdie verband staan die vermelding dat Dawid die plan (תבנית) vir die bou van die tempel uit JHWH se hand ontvang het, direk teenoor die opmerkings in Eksodus dat Moses die plan van die tabernakel en sy inhoud op Sinaï gesien het en die heiligdom presies so vervaardig het (vgl bv Eks 25:40; 26:30; 27:8 ens). Soos wat Moses net die beloofde land gesien het, maar nie saam met die volk daar ingetrek het nie, so het Dawid alles rondom die tempel gereël maar dit nie gebou nie. Kronieke verwys ook na Dawid se rykdom, mag en gewildheid (1 Kron 14:17). Sy mag blyk duidelik uit die hoeveelheid verteenwoordigers wat sy inhuldiging as koning in Hebron bywoon (1 Kron 12: 23-40), sy gedugte weermag (1 Kron 21:5-6) asook die enorme begroting vir die bou van die tempel (1 Kron 22:14).

Soos reeds gesê is daar van Dawid se owerspel en moord (vgl 2 Sam 11) geen sprake in Kronieke nie. So word op een na al Dawid se oortredinge waarvan die Samuel- en Koningsboeke melding maak, in Kronieke verswyg. Die enigste ongunstige verwysing wat aandag kry, is dié na Dawid se sensus-opname (1 Kron 21:1-22:1). Die rede hiervoor was die uitslag, naamlik die aanwysing van die uitverkore plek vir die bou van die tempel (2 Kron 3:1). Dawid se dood en laaste dae word in Kronieke as eervol beskryf. In 1 Kronieke 28:2 word Dawid se toespraak ingelei met ’n spesifieke verwysing daarna dat hy op sy voete gestaan het (ויקם דויד המלך על־רגליו ויאמר). In 1 Konings 1:1 word hy as oud en afgeleef, sonder mag en as ’n swakkeling beskryf. Hy was oud en koud, hulle het hom met komberse toegemaak, vir hom ’n jongmeisie gekry om by hom in sy bed te lê, hom warm te hou en te verpleeg (1 Kon 1:1-4). Maar in Kronieke is hy met sy dood nog steeds die held wat hy in die verlede was. Hy staan, lewer ’n lofprysende gebed en die hele vergadering loof JHWH, en buig voor Hom en Dawid (1 Kron 29:10-20). Dit is duidelik dat Kronieke spesifieke gedeeltes oor Dawid in die brongeskrifte gewoon uitlaat om hom in ’n gunstige lig te stel.

### 3.2.3. Salomo

Die verhaal in Konings oor die seuns van Dawid handel oor opstand, oor Absalom wat sy eie vader wou vernietig en sy eie broer laat doodmaak (2 Sam 13:23-38 kyk ook 2 Sam 14:28-32; 15:1-5; 15:7-17:29; 18; 19:41-43; 20:1-3, 4-13, 14-22 en 1 Kon 1:5-27). Kronieke laat al hierdie verwysings gewoon uit en vertel dat Salomo deur die hele volk aanvaar is en dat *al koning Dawid se seuns, ’n eed van trou aan koning Salomo afgelê het* (vgl o a 1 Kron 29:22-24). Hierdie gedeelte is duidelik deur Kronieke ingeskryf, weer eens om die Dawidiese lyn via Salomo as ideaal, suiwer en volgens JHWH se wil, voor te stel. Die Kroniekskrywer(s) beklemtoon die algemene aanvaarding van Salomo se koningskap deur te vertel dat hy ’n tweede keer koning gemaak word (1 Kron 29:22 – וימליכו שנית לשלמה בן־דויד וישמחו).

Dit is opvallend watter ooreenkomste daar in Kronieke bestaan tussen die Salomo- en die Dawid-narratief en hoe dit ineengeweef is. In Kronieke word daar spesifiek vermeld dat Salomo se inlywing plaasvind terwyl Dawid nog oor Israel regeer (1 Kron 23:1). Daar word ook beskryf hoe hy die troon bestyg terwyl Dawid nog lewe (1 Kron 29:22-23). In die vertelling oor die ná-Salomoniese konings is daar drie verwysings na Salomo wat hom en Dawid aan mekaar verbind (2 Kron 11:17; 33:7; 35:4). Kronieke vermeld spesifiek dat albei die konings aangewys is deur JHWH (vgl 1 Kron 10:13-14, 2 Kron 1:8-9; 2:11) asook die feit dat albei van hulle veertig jaar regeer het (1 Kron 29:27 en 2 Kron 9:30). Salomo word dus in dieselfde gunstige lig gestel as Dawid. Net soos met die Dawid-narratief verswyg Kronieke ook in die Salomo-narratief die negatiewe elemente. In dié vertelling word slegs Salomo se uitverkiesing as koning beklemtoon, wat ook ’n uitverkiesing is om die tempel te bou. Kronieke teken Salomo as iemand wat alles vir die tempel en kultus feil het, terwyl ander bronne daarop wys dat hy teen JHWH se woord in, vir hom uitlandse vrouens geneem het (1 Kon 1:1-10) asook ander heiligdomme opgerig het (1 Kon 11:6-8). Van Salomo se onderhandelinge en alliansies met ander lande (1 Kon 9-10), word daar ook nie in Kronieke melding gemaak nie. Kalimi (2005:143-145) verwys na die gedeelte in 1 Kon 3:2, waarvolgens Salomo by ander heiligdomme geoffer het en sê dat die Kroniekskrywer(s) dit nie kon aanvaar dat Salomo op enige plek sou offer nie, en al was die tempel nog nie daar nie, sou dit nog steeds in stryd wees met die verordeninge van die Torah (Lev 17:8-9). Dit sou vir die Kroniekskrywer(s) onbegryplik wees dat Salomo die Torah nie geken het, of dit andersins nie gehoorsaam het nie. Daarom probeer die Kroniekskrywer(s) dit verduidelik deur die teks te verander (vgl 2 Kron 1:13a). Alhoewel daar in Kronieke gedeeltes is wat meer van Salomo self vertel, word die grootste gedeelte van die Salomo-narratief deur die tempelbou in beslag geneem (1 Kron 3:1-7:11; 1 Kron 2:1-18). In 1

Kronieke 22:7-10 en 28:3 word die verskil tussen Dawid en Salomo aangedui: Dawid kon nie die tempel bou nie omdat hy in oorloë bloed vergiet het, terwyl Salomo se kwaliteit as איש מנוחה hom in staat gestel het om dit wel te doen. Hiermee word daar dan nie net ’n rede gegee vir die onveranderbare historiese gebeurtenis dat Salomo en nie Dawid nie die tempel gebou het, maar ook klem gelê op die heiligheid van die tempel.

### 3.2.4 Konings van Juda ná Salomo

Al die konings wat na Salomo volg, word deur die Kroniekskrywer(s) beoordeel aan die hand van die identiteit wat rondom Dawid geskep is. Volgens hulle kultiese trou of ontrou word bepaal waar hulle begrawe is. Weens die beperktheid van hierdie artikel sal daar net na enkeles verwys word en sal slegs inligting oor die wat relevant is vir die artikel bespreek word.

In die vertelling oor *Josafat* se regering word genoem dat die koning in die vroeëre weë van sy vader Dawid gewandel het (vgl ook 2 Kron 17) en nie die Baäls gesoek het nie (הלך בדרכי דויד אביו הראשונים ולא דרש לבעלים). Die navolg van die Baäls word geteken as dade wat met die Noordryk geasossiëer word (2 Kron 17:3-4). Kronieke se meer gedetaileerde bespreking van Josafat se goeie dade behels onder andere die verwydering van hoogtes en heilige boomstamme (2 Kon 17:6) asook die uitstuur van owerstes, priesters en Leviete om die Torah (תורה) vir die volk te leer (2 Kon 17:7-9). Die beloning vir sy getrouheid kan gesien word in sy rykdom, vrede en militêre mag (2 Kron 17:2, 5, 10-19). Die res van die verhaal vertel van Josafat se trou maar ook dat hy in ’n oorlog betrokke is waar hy net-net met sy lewe daarvan afkom omdat hy met die Noordryk geheul het. Hy word alleen gered omdat hy hom tot JHWH wend. Die verhaal skep die indruk dat JHWH vir Josafat red, maar nie vir Agab nie. Deur middel van ’n siener word JHWH se afkeur aan die alliansie ook gestel: In 2 Kronieke 19:1 vra Jehu naamlik vir Josafat of ’n mens die goddelose moet help en of hy dié lief het wat vir JHWH haat. In vers 4 word dit duidelik gemaak wie die volk van JHWH is, naamlik die inwoners in die gebied van Berseba af tot by die gebergtes van Efraim. Josafat het weer met die Noordryk (koning Ahasia) ’n bondgenootskap gesluit, iets wat veroordeel is deur JHWH sodat sy skepe vernietig is (2 Kron 20:35-37). Nogtans is hy saam met sy voorvaders in die Dawidstad begrawe. Konings handel nie so breedvoerig oor sy suksesse en optredes nie (1 Kon 22:41-51).

Die weergawes van *Joas* se verhaal in Konings sowel as in Kronieke vertel dat Atalia, die moeder van Ahasia, die koninklike geslag omgebring het, dat Joas in die huis van JHWH weggesteek is deur Josebat (Joseba), die dogter van die koning (volgens 2 Kron 22:11 was sy ook die vrou van Jojada),

en dat Atalia vir ses jaar oor die land regeer het. Na sewe jaar het Jojada, die priester, in die heiligdom vir Joas koning gemaak. Joas se redding en die uiteindelike herstel van die troon, word in Kronieke beskryf as ’n kultiese handeling deur die kultiese personeel. Die feit dat hy vir ses jaar lank in die tempel skuil, dra by tot sy beeld as ’n koning wat verbonde is aan die kultus. Die verhaal van Joas is dieselfde in albei weergawes (2 Kon 11:4-12 en 2 Kron 23-24), met ’n klemverskil in 2 Kronieke 24:2 en 2 Kon 12:3 (2 Kon 12:2 in OAV). In Kronieke staan daar dat Joas alles gedoen het wat reg was in die oë van JHWH al die dae van Jojada, die priester (כל־ימי יהוידע הכהן), terwyl Konings sê dat hy dit al die dae wat Jojada, die priester hom onderrig het, gedoen het (כל־ימי אשׁר הורהו יהוידם הכהן). Albei weergawes berig oor Joas se afskaffing van die afgode – alles onder toesig van die priester Jojada. Kronieke vertel van Jojada se dood en dat hy soos ’n koning in die stad van Dawid by die konings begrawe is omdat hy goed gedoen het in die oë van JHWH en aan die tempel (2 Kron 24:15-16). Konings het geen berig (soos wat in 2 Kron 24:17-25 vermeld word) oor Joas se afdwaling ná die dood van Jojada nie, ook nie oor die moord op Sagaria wat hom vermaan het, of oor JHWH se straf daarvoor deur die verowering wat Aram behaal het nie. Konings berig slegs dat daar ’n sameswering teen hom was (vgl 2 Kron 24:25-26), dat hy doodgemaak is en dat hy by sy vaders in die stad van Dawid begrawe is (2 Kon 12:20-21). Kronieke noem wel dat hy in die stad van Dawid begrawe is, maar daar word duidelik gesê dat hy nié by die konings begrawe is nie (2 Kron 24:25).

*Ussia* en sy regering word in Konings skaars genoem. Daar word gemeld dat hy gedoen het wat reg was in die oë van JHWH maar dat hy net nie die hoogtes afgeskaf het nie en dat JHWH hom met melaatsheid gestraf het. Kronieke sê ook dat hy gedoen het wat reg was (2 Kron 26:4), maar vertel verder van sy suksesse en rykdom asook sy hoogmoed wat daaruit gespruit het (2 Kron 26:5-16). Hy het in sy hoogmoed na die tempel gegaan en daar geoffer. Die priesters het hom aangespreek, hy het hom vir hulle vererg en JHWH het hom met melaatsheid getref (2 Kron 26:16-21). Die feit dat hierdie gebeure in soveel besonderhede beskryf word, is weer eens ’n tegniek van die Kroniekskrywer(s) om die heiligheid van die tempel asook die eksklusiwiteit van die priesters se taak te beklemtoon.

Die kultiese oortredinge van *Agas* word in Kronieke beskryf asof dit eindeloos was. Hy het afbeeldinge gemaak, ongeoorloofde offers gebring, hy het selfs sy seuns met vuur verbrand (ויבער את־בניו באשׁ). Kronieke beklemtoon die hoeveelheid kere wat die stad ingeneem is deur ander volke en die hoeveelheid mense wat doodgemaak is, weggevoer is en hoeveel buit geneem is omdat hulle JHWH verlaat het (2 Kron 28:5-8 en 17-18). Volgens

Kronieke het die profeet Obed die Israeliete (Noordryk) veroordeel omdat hulle die Judeërs weggevoer het. Hy maak dit duidelik dat dit alleen gebeur omdat JHWH die Judeërs wou straf vir hulle ongehoorsaamheid. Daar word verder vertel hoe die Judeërs losgelaat en teruggehelp is na Jerigo toe (2 Kron 28:9-15). Hierdie byvoeging word gedoen omdat die skrywer(s) van Kronieke die leser(s) daarop wil wys dat die Noordryk nie mag oor Juda gekry het omdat hulle beter was as die Judeërs nie, maar omdat JHWH dit toegelaat het.

*Hiskia* word in Kronieke uitgebeeld as ’n tweede Dawid (2 Kron 29-32). Hy het die tempel weer herstel (2 Kron 29:1-11), hy maak gebruik van die voorgeskrewe reëls oor hoe die tempel gereinig moet word en gebruik die voorgeskrewe tempelpersoneel, naamlik die Leviete en priesters, om die reiniging te doen (2 Kron 29: 12-19; vgl verder 2 Kron 29-31 waarin die fees beskryf word en genoem word dat die Leviete gehelp het met die offers, waarin die pasga en al die duisende offers beskryf word en ook genoem word dat die volk vir die Leviete en priesters hulle aandeel moes gee sodat hulle getrou kon bly aan die wet). Die grootste gedeelte van die Kronieke-narratief oor Hiskia handel oor sy kultiese bedrywighede, terwyl die Konings-narratief nie veel daaroor sê nie. Dit is duidelik ’n byvoeging deur die Kroniekskrywer(s) om die kultus en die ampswerk van die priesters en Leviete te beklemtoon.

*Manasse* se bose dade word vergelyk met dié van die nasies wat uitgedryf is uit Palestina om vir Israel plek te maak (2 Kron 33:2). Hy het al Hiskia se hervormingswerk ongedaan gemaak (2 Kron 33:3-5, 7). Hy het (soos Saul) hom besig gehou met goëlery, towery, waarsêery en die oproep van geeste. Hy het JHWH geterg en gelaster (2 Kron 33:3). Sy optrede loop uit op ’n straf waar hy persoonlik in ballingskap na Babel weggevoer word. Daar het hy berou gekry en homself verootmoedig, waarop JHWH sy gebede verhoor het en hom na Jerusalem laat terugkeer het. Met sy terugkeer het Manasse met ’n program van kultiese hervorming begin (2 Kron 33:15-16). Ten spyte daarvan word daar genoem dat hy in sy huis begrawe is en nie saam met die ander geëerde konings nie (2 Kron 33:20), wat waarskynlik daarop dui dat Manasse eerder vir sy afdwaling as vir sy bekering (waarvan daar nie in Konings sprake is nie) onthou is (sien die latere bespreking in hierdie verband).

*Josia* word beskryf as ’n hervormer, iemand wat van jongs af gedoen het wat goed was in die oë van JHWH en wat gewandel het in die weë van sy vader Dawid (2 Kron 34:2) en JHWH gesoek het (דרשׁ). Hy het weer die kultus ter ere van JHWH herstel deur die simbole van die afgodediens te vernietig (2 Kron 34:3-7). Hy het vir die priester in die tempel geld gestuur (2 Kron 34:9) en ook die tempel laat skoonmaak en herstel. Die priester het op die wetboek

afgekom toe hy die geld uitgehaal het (2 Kron 34:10-15). Die lees van die wetboek het Josia nuwe ywer gegee om die verbond tussen JHWH en die volk te herstel (2 Kron 34:16-33). Volgens Konings is die afgode eers uitgeroei nadat die verbond gesluit is (2 Kon 23:4-24). Daar word verwys na die geld wat na die priester gestuur is (2 Kon 22:4), maar daar staan nie dat die wetboek gekry is toe die geld uitgehaal is nie. Kronieke (2 Kron 35:18) beskryf die pasga-viering as 'n massale gebeure. In Konings word daar nie 'n woord gerep van al die duisende offers asook die priesters en Leviete se aandeel daaraan nie. Dit is in Kronieke duidelik 'n byvoeging tot die bronteks om die kultus en die belangrikheid van die priesters en Leviete se diens te beklemtoon.

### 3.3 Die wegvoering van die volk

Die wegvoering van die volk, die verwoesting van Jerusalem en die tempel asook die verwydering van die skatte word in Kronieke (2 Kron 36:17) baie korter beskryf as in Konings (2 Kon 25:1-30). Dit word as 't ware net genoem, waarna daar gesê word dat die ballingskap voortgeduur het tot met die bewind van die Perse (2 Kron 36:20) sodat die woord van Jeremia vervul sou word oor die sabbatsjaar (2 Kron 36:21). Kronieke sluit af deur te sê dat Kores aan die Jode verlof gegee het om terug te keer na hulle land en dat hy wat Kores is dit op JHWH se bevel gedoen het sodat hulle weer 'n huis vir JHWH kon bou (2 Kron 36:22-23). Met hierdie byvoeging legitimeer die Kroniekskrywer(s) die bou van die tweede tempel en begrond dit teologies: Dit was 'n opdrag van JHWH aan Kores.

## 4. DIE RESULTAAT VAN DIE SELEKTIEWE BYVOEGINGS, WEGLATINGS EN BEKLEMTONINGS

Uit bostaande bespreking het dit duidelik geword dat die bronmateriaal selektief gebruik is en dat die Kroniekskrywer(s) 'n vry hand gehad het met byvoegings, weglatings en beklemtonings. In hierdie deel word die effek wat hierdie seleksies op die verstaan van die teks het, onder die loep geneem. Hier sal ek net by wyse van voorbeelde na die weglatings, byvoegings en beklemtonings verwys waar dit die argumentasie steun. Verskillende groepe en sake word in Kronieke beoordeel. Daar word veral aan drie *stamme* 'n spesiale plek gegee: Juda (1 Kron 2:3-4:23) wat met die Suidryk geassosieer word, word uitgebeeld as getrou aan die huis van Dawid; Levi (1 Kron 5:27-6:66) wat met die kultus geassosieer word, word uitgebeeld as getrou aan die tempel; Benjamin (1 Kron 8:1-9:1) wat ook met die Suidryk geassosieer word, word ook uitgebeeld as getrou aan die huis van Dawid. Hierdie stamme word in Kronieke voorgehou as die ware Israel. Dit blyk baie duidelik uit die manier

waarop hulle spesiale vermelding kry in die boek. Soos wat die drie stamme positief beoordeel word, word die *Noordryk* negatief uitgebeeld in Kronieke. Dit is duidelik dat slegs die geskiedenis van een koninkryk verhaal word naamlik dié van Juda. Van die Noordryk is daar net sprake as hulle toevallig deel vorm van die vertelling oor Juda (sien ook Kalimi 2005:88-89). Die vertrekpunte wat onderliggend is aan hierdie gesindheid, kan in Abia se toespraak (2 Kron 13:4-12) asook die vertelling oor Josafat se regering (2 Kron 17-20) waargeneem word. Die Noordryk het opstand teen JHWH verteenwoordig en slegs Juda was die ware koninkryk van JHWH (2 Kron 13:8). Die regverdige persone uit die Noordryk wat JHWH wou vereer, het hulle huise verlaat en na Jerusalem gegaan om te offer (2 Kron 11:16; 15:9, 30:11). Japhet (1989:309) verwys na navorsing oor die houding van die outeur(s) van Kronieke teenoor die Noordryk in Kronieke: "[T]he Chronlicler saw Judah alone as legitimate heir to the monarchy of David and Solomon and therefore described only Judah."

In die Kronieke-narratief was dit baie belangrik om te bewys dat Abraham die direkte grootvader van *Israel* was. Israel (Jakob) word beklemtoon deur 'n omvattende geslagsregister van sy twaalf seuns wat in 1 Kronieke 2:1 begin. Kalimi (2005:171) wys daarop dat soos wat Dawid beklemtoon is deur die gebruik van sy naam in plaas van sy titel, net so was dit die geval met Israel (vgl 2 Sam 24:2 met 1 Kron 21:2). Wat wel opvallend is, is dat die Kroniekskrywer(s) die naam "Israel" gebruik en nie die naam "Jakob" nie. Gerlemans (1984:784-786) se beskrywing van die ontwikkeling van die gebruik van die naam "Israel" in die Ou Testament kan 'n antwoord bied vir die Kroniekskrywer(s) se vervanging van die naam "Jakob" met "Israel". Hy wys daarop dat die term "Israel" meer as een betekenis gehad het en dat dit ontwikkel het vanaf 'n alternatiewe naam vir Jakob tot 'n verwysing na die Judeërs in Jerusalem. In Kronieke word die naam "Israel" dus gebruik in plaas van Jakob, klaarblyklik omdat die persoon van Jakob nie met Jerusalem en die tempel geassosiëer word nie. Die naam Israel word gebruik, omdat dit geassosiëer word met JHWH se volk, Juda asook die inwoners van Jerusalem. Die naam "Israel" word vroeg in die boek al gebruik om na die volk Juda (Suidryk) te verwys. Dit word nie vir die Noordryk gebruik nie (vgl o a 2 Kron 10:17, 2 Kron 21:2, 2 Kron 28:27). In die vertelling oor Manasse se regering en lewe word daar twee keer 'n byvoeging gemaak oor sy bekering (2 Kron 33:11-13 en 23) sodat sy lewe uitgebeeld kon word as 'n spieëlbeeld van die Judeërs s'n. Volgens die vertellings het hy vergifnis ontvang na sy bekering. Hiermee wou die Kroniekskrywer(s) beklemtoon dat Juda wat ook weggevoer is, maar hulleself bekeer, en teruggekeer het na Jerusalem en die tempel toe, weer aanspraak kon maak op JHWH se vergifnis en aanvaarding,

en wel tot so ’n mate dat hulle dan die enigste volk van JHWH is. Kalimi (2005:58) wys daarop dat “Abraham” in die bronteks (Ps 105:6) met “Israel vervang word (1 Kron 16:13) sodat daar nie van Abraham se nasate gepraat word nie, maar van Israel s’n. Kalimi sê dat “Israel” “Abraham” vervang want “the seed of Abraham also includes non-Israelites – Ishmael (Gen 25:1ff).”

Behalwe die feit dat bepaalde groepe en sake beoordeel word, word die tempel en die kultus in Jerusalem ook gelegitimeer in Kronieke. Kronieke heg soveel waarde aan die tempel en kultus dat hy die *konings* wat getrou was aan die kultus se dade in detail bespreek en die wat ontrou was, slegs noem. Nog ’n opvallende verskynsel is die feit dat die meeste byvoegings by die bronteks wat in Kronieke voorkom, betrekking het op die kultus. Die dienswerk van die *priesters*, word in Kronieke baie beklemtoon, deels omdat daar baie klem op die kultus en die tempel is, maar ook omdat dit van die belangrikste figure vir die Kroniekskrywer(s) is (vgl o a 2 Kron 8:15). Volgens Kronieke was die priesters JHWH se verteenwoordigers en hulle taak was om vir die volk rigting aan te dui deur hulle te leer en raad te gee (vlg 2 Kron 15:3). Verder laat die Kroniekskrywer(s) slegs die priesters toe om konings te salf (vgl 2 Kon 23:30 met 2 Kron 36:1). Naas die dienswerk van die priesters, word dié van die *Leviete* ook deur byvoegings en weglatings beklemtoon. Toe Hiskia die tempel ingewy het en die volk al hulle offers gebring het, was dit te veel vir die priesters om te slag en het die Leviete hulle daarmee gehelp (ויחזקום אחיהם הלוים). Daar word selfs gesê dat hulle meer opreg van hart (meer konsensieus) was om hulleself te heilig as die priesters (כי הלוים ישרי לבב להתקדשׁ מהכהנים). Labahn (2003:130) wys daarop dat die priesters aanvanklik meer mag gehad het as die Leviete en dat die Leviete in der waarheid die minderwaardige takies in die tempel verrig het, maar dat dit verander het in die tyd van die tweede tempel: “By their links with the powerful in society they themselves in a way participated in the exercise of power .... In the positions they occupied they took on large reponsibilities and could shape things the way they wanted.”

Soos die ander tempel-funksies word die *offerrituele* ook beklemtoon in die boek Kronieke. Daar word groot hoeveelhede diere genoem wat geoffer is, soms ontelbaar baie (vgl 2 Kron 5:6), andersins duisende (vgl o a 2 Kron 1:6; 15:11 asook 7:5). Die feit dat sewe dae van ’n fees aan die inwyding van die altaar bestee is (2 Kron 7:9), dui ook op die belangrikheid van offferandes in Kronieke. Daar word selfs van die tempel gepraat as die huis van offer (2 Kron 7:12).

Die Kroniekskrywer(s) maak dit duidelik watter *plek van aanbidding* legitiem was. Die Noordryk word negatief voorgestel, omdat hulle op ander plekke as Jerusalem en in die tempel aanbid het. Dit kan dui op afgodediens,

maar in die meeste gevalle was dit gewoon 'n ander plek wat hulle (in die Noorde) ingerig het as aanbiddingsplek vir JHWH. Van Jerusalem word daar in Kronieke die volgende gesê:

- dat dit die plek is wat JHWH gekies het om sy naam daar te laat woon;
- dat die persone wat verkies het om JHWH te dien, dit in Jerusalem doen;
- dat die stamme wat verkies het om in Jerusalem te aanbid regverdig was;
- dat JHWH uit al die stamme se woongebiede, verkies het om sy naam in Jerusalem te vestig (vgl o a 2 Kron 12:13 asook 2 Kron 11:16).

(Kyk Kalimi 2005:390-391 vir 'n volledige bespreking van hoe die Kroniekskrywer(s) die tabernakel vervang met die tempel.) Om Jerusalem te legitimeer as die enigste plek van aanbidding, was dit nodig om te verswyg dat daar ooit iets soos die intog in Kanaän was. Daarom word die vertellings oor JHWH se verbond met Abraham en Moses in Kronieke "uitgeskryf". Die Abraham- en Sinaï-verbonde was nie van belang vir Kronieke nie, maar wel die verbond met Dawid (vgl ook Japhet 1989:116 in hierdie verband). Iets hiervan kan gesien word in 2 Kronieke 36:21, waarvolgens die ballingskap bloot beskou word as die verpligte sabbatsrus van sewentig jaar. Dit sowel as die feit dat Kronieke nie die landsbelofte beklemtoon nie, is die skrywer(s) van Kronieke se manier om die leser daarop attent te maak dat Jerusalem van altyd af die plek was waar JHWH se volk moes woon en aanbid. Daarom eindig die boek ook deur te sê dat JHWH aan Kores die opdrag gegee het dat Juda moet terugkeer na Jerusalem om die tempel te herbou.

## 5. KRONIEKE AS 'N MAGSTEKS

In hierde gedeelte sal die vrae beantwoord word wat aanvanklik gevra is met betrekking tot Kronieke as 'n magsteks, naamlik: Wie kon daarby baat? Wie kon daardeur bemagtig word? Wie is daardeur uitgesluit?

Trotter (1999:305) wys daarop dat geletterdheid toegang tot tekste gegee het en daarom ook mag verleen het: "This means that literary skills and the control of those with literary skills were sources of power. By effectively limiting the production and interpretation of texts to a small, literate elite, a substantial amount of power within the community is given to the literati and their patrons." As die Leviete dus die teks van Kronieke geskryf het, soos wat dit wil voorkom, is dít presies wat hulle gedoen het: Omdat hulle geletterd was en omdat hulle in die posisie was om die teks te kon skryf, het dit aan hulle

die moontlikheid gebied om hulleself te bemagtig en hulle eie optredes te legitimeer.

Ek het aangetoon dat die skrywer(s) van Kronieke deur selektiewe skryf aan bepaalde sake aandag gee en dit beklemtoon. Dit is sake soos die kultus in Jerusalem as die enigste ware godsdiens en dat JHWH net dáár aanbid moes word, die belangrikheid van die dienswerk van die priesters en Leviete, die hiperboliese offerandes asook die beklemtoning van die Suidryk en die teruggekeerde Judeërs as die enigste volk van JHWH. Die boek Kronieke is dus teen bestaande vertellings ingeskryf om in 'n nuwe situasie bepaalde groepe en gebruike te legitimeer. Dit is ingeskryf teen die teologiese perspektiewe wat in Genesis, asook die Samuel-, Konings- en die profeteboeke verwoord is. Hierdie nuwe ideologie[7] word teologies[8] begrond en gelegitimeer.

Volgens die brongeskrifte was die beskermheer van die kultus die Jerusalemse koning. Die vroeëre Judese konings kon besluit wat om met die tempelskatte te doen, watter gode gedien moes word, of afgode vernietig of behou moes word en of die heidense praktyke toelaatbaar was al dan nie. Kronieke daarenteen, het ontstaan toe die monargie van Juda nie meer bestaan het nie. Juda was slegs 'n provinsie onder Persiese beheer en daarom was die mag wat die tempel en sy kultus kon bied, baie belangrik. Die status van beskermheer van die kultus het vanaf die koning oorgegaan na die hoëpriester. Die hoëpriester was dus in die nuwe omstandighede aan die hoof van die groep wat besluitnemingsbevoegdheid gehad het oor die tempel, die skatte, die rituele van die kultus, die offerandes en al die gebruike wat daarmee gepaard gegaan het. By implikasie word die hoëpriester en sy "amptenare" dus bemagtig wanneer Dawid en die konings wat nóú verbonde was aan die kultus, as ideaal voorgehou word. Uit die weergawe van die boek Kronieke is dit opvallend dat alle konings wat deur die Kroniekskrywer(s) positief beoordeel word (vgl o a Dawid en Salomo), konings was wat die kultus herstel het (vgl o a Hiskia; Joas – o l v Jojada die priester en Josia).

[7] Wanneer daar na "ideologie" verwys word, word dit verstaan soos wat Van Wyk (1999:24) dit defineer: "Ideologie is 'n stel samehangende idees oor die wêreld en spesifiek die samelewing. Elke ideologie is daarop afgestem om die belange van 'n bepaalde groep in die samelewing te dien deur mag te bekom, behou en/of vermeerder, en hou dus verband met politiek. Ideologie kom in taal tot uitdrukking, en veral in vertellings."

[8] Alhoewel "teologie" en "ideologie" raakpunte het, is daar tog 'n fyn lyn van onderskeid. Van Wyk (1999:25) wys daarop dat die bedoeling van teologie en ideologie verskil. Hy sê dat die bedoeling van teologie is om 'n verklaring te bied vir die wyse waarop God in die wêreld werksaam is. Daarteenoor is die bedoeling van elke besondere ideologie om die magsbelange van 'n bepaalde groep in die samelewing te bevorder. Van Wyk (1999:26) onderskei die twee terme soos volg: "Teologie is 'n stel samehangende idees oor die persoon en werk van God in relasie tot mense, terwyl ideologie 'n stel samehangende idees oor die wêreld, die samelewing of 'n bepaalde saak is."

Hulle het veral drie dinge gedoen: Eerstens het hulle die priesters en Leviete in diens van die tempel gestel soos JHWH dit aan Dawid opgedra het, sodat die tempel herstel kon word. Tweedens het hulle oneindig baie offers gebring. Derdens het hulle die afgode, hoogtes en ander aanbiddingsplekke afgebreek, sodat die tempel die enigste aanbiddingsplek (offerhuis) kon wees. Enige ander aanbiddings- of offerplek is as afgodery of ’n verkeerde diens aan JHWH, voorgehou. Hierdie drie aspekte van die kultus dui in wese op dieselfde saak: Eerstens word die priesters en Leviete beklemtoon en is hulle dienswerk van belang. Tweedens kon dit net van belang wees en bly so lank as wat die tempel in Jerusalem die enigste aanbiddingsplek sou wees. Derdens is hulle die enigstes wat kon baat by al die offerandes. Hierdie aspek blyk baie duidelik uit die voorskrifte vir offergawes in Levitikus en Numeri (vgl o a Lev 2:3; 6:26; 7:10; 22:7; 22:11; 24:7-9; 27:21; Num 5:8-10; 8:8-19 en 8:21-24). Dit is dus duidelik dat hierdie drie aspekte van die tempelkultus, niemand anders as die priesters en die Leviete bevoordeel het nie. Die “nuwe geskiedenis” wat Kronieke op die tafel plaas, is niks anders as ’n legitimering van ’n nuwe ideologie wat die priesters en die Leviete bevoordeel en bemagtig nie. Deur die tempel, die belangrikheid van die priesters, Leviete en offers te beklemtoon is die ekonomiese welvaart van die tempelpersoneel verseker. Die offers het hulle verryk. In Kronieke is daar egter nie net sprake van diereoffers nie, maar daar is ook duidelike verwysings na geld. Die talle verwysings na die tempelskatte en die skatkamers dui alles op die potensiële ekonomiese welvaart wat ’n “tempel-alleen” teologie (wat neerkom op ’n ideologie) vir die tempelpersoneel kon inhou. Naas die ekonomiese voordeel wat dié ideologie ingehou het, het dit ook aan die priesters en Leviete politieke mag gegee. Omdat hulle gesien is as die leiers van die volk was hulle by implikasie ook die elite wat besluitnemingsmag gehad het oor die gewone burger se daaglikse lewe.

Kronieke is nie net ingeskryf teen die brongeskrifte se negatiewe beoordeling van konings en priesters nie, maar ook teen alle Noordelike tradisies. Dit beteken dat baie gebeurtenisse wat buite Jerusalem en noord van Benjamin plaasgevind het, uitgelaat is, en dat stamme van die Noordryk wat nie in Jerusalem aanbid het nie, by implikasie nie as deel van JHWH se volk beskou is nie (in teenstelling met die brongeskrifte, waarvolgens JHWH die volk uit Egipte gelei het, hulle in die beloofde land ingebring het en aan al twaalf stamme die land gegee het). Dit beteken verder dat alle figure wat met die Noordryk geassosieer is (persone soos Abraham, Josef, Moses ens), in Kronieke deur middel van die geslagslyste asook deur ’n proses van selektiewe verhaling, weggelaat is of as onbelangrik uitgebeeld word teenoor dié van die Suidryk.

### *1 & 2 Kronieke as 'n magsteks*

Wanneer die verskillende geskrifte wat Kronieke voorafgaan bestudeer word, is dit duidelik dat daar veral twee teologiese beskouings is wat uitstaan (vgl Breytenbach 1997:1172-1180). Eerstens is daar die sogenaamde Sionsteologie, waarvolgens Jerusalem die belangrikste aanbiddingsplek is en konings en priesters 'n prominente rol daarin speel, en waarvolgens die kultus voorop staan en Jerusalem as oninneembaar beskou is omdat JHWH ten nouste met die tempel verbind is. Tweedens is daar die teologiese beskouing wat deur profete verteenwoordig word, waar die soewereiniteit van JHWH voorop staan en die volk veiligheid sou geniet indien hulle hulle verbondsverpligtinge sou nakom. In Kronieke word daar gepoog om 'n derde beskouing op die tafel te plaas, wat iets van albei bogenoemde bevat, maar wat die probleme wat die voorafgaande twee meegebring het, probeer uitskakel. Die Kroniekskrywer(s) behou 'n element van die Sionsteologie, naamlik dat Jerusalem die enigste aanbiddingsplek is en dat, solank die tempelkultus en die (Dawids)verbond onderhou word, dit met hulle goed sou gaan. Na die ballingskap was dit duidelik dat Jerusalem nié oninneembaar was nie. Dié siening kon dus nie behoue bly nie. Die idee dat JHWH slegs in Jerusalem gedien kon word, is egter behou en het die grondslag gevorm van die nuwe "teologie", wat in wese 'n ideologie was met teologiese legitimering. Die tempel en die kultus was van groot belang, maar die blote teenwoordigheid van die tempel alleen kon nie redding bewerk vir die inwoners van die stad nie. Soos in die profetiese geskrifte, was die regte optrede ook noodsaaklik, maar "regte optrede" is nuut gedefinieer. In dié geval was "regte optrede" veral om gehoorsaam te wees aan die voorskrifte van die tempelpersoneel. Die kultus en dan spesifiek die offers moes onderhou word om heil te verseker. Hierdie offers kon slegs by die tempel in Jerusalem gebring word en geen ander offerplek was aanvaarbaar nie. Die katastrofe van die tempel se verwoesting is (soos in die profetiese geskrifte) voor die deur van kultiese ongehoorsaamheid gelê. Maar in dié geval is "kultiese ongehoorsaamheid" met nuwe inhoud gevul. Profete het "kultiese ongehoorsaamheid" beskou as die verlating van JHWH en die aanbidding van die Baäls en ander gode. Volgens die Kroniekskrywer(s) beteken "kultiese ongehoorsaamheid" egter om op enige ander plek as die tempel te aanbid en te offer. Die nuwe ideologie het dieselfde effek as die Sionsteologie gehad: Die soewereiniteit van JHWH is by implikasie ingeperk: Die heil het in die hande van die tempelpersoneel gelê. JHWH se redding en genade is dus deur die tempelpersoneel bemiddel. Hulle kon op dié wyse beheer uitoefen oor mense se lewens en toekoms. Hierdie was 'n ideologie van eksklusiwiteit wat teologies gelegitimeer is. Die eksklusiwiteit was in kontras met die brongeskrifte se breër teologiese visie, waarvolgens JHWH die hele volk

(bestaande uit twaalf stamme) uitverkies het. Die Kroniekskrywer(s) slaag uitstekend daarin om die tempel-elite uit te sonder en hulle belangrikheid te beklemtoon. Die boek begin met geslagslyste wat (soos reeds aangetoon) nie ’n natuurlike lyn verteenwoordig nie, maar wel die belang van ’n uitverkore groep dien. Hiermee word daar grense geskep rondom die uitverkore groep en word daar ook seker gemaak dat die groep eksklusief sou bly. Niemand kon dus “van buite af” die groep binnedring nie. Persone wat nie in die regte familie gebore is nie, kon ook nie so maklik deel kry aan JHWH se heil nie. Die beperking van JHWH se teenwoordigheid en heil tot die tempel in Jerusalem sou natuurlik die gewone landsburger van Juda oortuig om na die priesters en Leviete te luister, die voorgeskrewe offers te bring en die vereiste bydraes te maak. So het die tempel-elite mag verkry oor die lewens van eenvoudige landsburgers.

In ’n literêre proses waar sekere persone bevoordeel en “ingeskryf” word, is dit onvermydelik dat ander “uitgeskryf” en dus benadeel word. Eksklusiwisme bevoordeel nie net nie, dit sluit ook altyd uit en ontmagtig. In Kronieke is dit baie duidelik ook die geval. Die Kroniekskrywer(s) het die “ideale” identiteit rondom die figuur van Dawid geskep en die voorregte wat aan die tempel verbonde was aan die tempelpersoneel en die Judeërs toegesê. Almal buite hierdie grense wie se tradisies, sienings en gebruike nie ingepas het nie, is toegang tot hierdie bevoorregte groep ontsê. Dit is duidelik dat een van die groepe wat uitgesluit is, diegene was wie se voorouers tydens die ballingskap in die land agtergebly het. Uit die boek Esra is dit duidelik dat hulle sogenaamde “onsuiwer afkoms” gebruik is om teen hulle te diskrimineer. Die geslagsregisters in Kronieke het hulle dus reeds tot ’n groot mate uitgesluit. Dit was egter veral groepe uit die gebied noord van Benjamin wat deur die tekstuele aanbod van Kronieke benadeel is. Hulle uitsluiting uit die “ware Israel” het hulle by implikasie die eeue-oue tradisies wat heiligdomme soos Sigem, Silo en Bet-El gelegitimeer het, ontneem. Dit het hulle ook die tradisies oor hulle voorouers, hulle konings en hulle geskiedenis as volk ontneem. Deur die geslagsregisters is hulle in elk geval in dieselfde kategorie geplaas as die Ismaeliete en die gehate Edomiete (vgl die boek Obadja).

Die term “magsteks” is aan die begin van hierdie artikel gedefinieer as ’n “teks wat die historiograaf in bepaalde omstandighede skep om ’n bepaalde groep se identiteit te versterk en aan hulle mag te verleen, om daardie groep se optredes en aansprake te legitimeer en in die proses ander groepe uit te sluit.” Die resultaat van hierdie ondersoek toon dat die boek Kronieke aan hierdie maatstaf voldoen en dat dit dus as ’n magsteks van die Jerusalemse tempel-elite getipeer kan word.

## 6. TEN SLOTTE

Die vraag hoe geslaagd Kronieke as ’n magsteks was, kan nie met absolute sekerheid beantwoord word nie, aangesien (soos reeds aangetoon) die sosiaal-religieuse omstandighede waarin die boek ontstaan het, nie met sekerheid gerekonstrueer kan word nie. Wat wel duidelik is, is dat die groep wat belang gehad het by die tempel en beheer uitgoefen het oor die kultus in Jerusalem, ’n belangrike ekonomiese faktor geword het en beduidende politieke mag opgebou het. Die boek Kronieke sou sonder twyfel ’n bydrae gelewer het tot die legitimering van hierdie magsgroep se optrede. Aan die ander kant is dit egter ook duidelik dat Kronieke nie die tradisies waarteen dit ingeskryf is, vervang het nie, en daarom kan aanvaar word dat dit slegs binne ’n beperkte gemeenskap as magsteks gegeld het.

Daar is aan die begin van hierdie artikel geargumenteer dat ’n magsteks ten nouste verbonde is aan die sosiaal-religieuse konteks waarvoor dit geskryf word. Wanneer gebeure (meestal polities van aard) daardie sosiaal-religieuse konteks radikaal verander, boet magstekste wat ’n bepaalde meesternarratief in stand moes help hou, hulle invloed in. Dit is klaarblyklik ook wat gebeur het met Kronieke toe die tempel in Jerusalem in 70nC deur die Romeine vernietig is. Die simboliese universum wat Kronieke help skep het en in stand moes help hou, het daarmee dramaties ineengestort. Sonder die tempel en die funksionerende priesters en Leviete in Jerusalem was die boek Kronieke sy funksie as magsteks kwyt. Kronieke sou dus nie meer kon funksioneer as teologiese legitimering van ’n bepaalde ideologie nie. Hierdie “ontmagtiging” van die teks het die moontlikheid geopen dat Kronieke in nuwe historiese kontekste gelees kon word as ’n teologiese geskrif wat getuig van God se dade teenoor mense. Die vernietiging van die magsbasis wat Kronieke bedoel was om teologies te legitimeer, het myns insiens die belangrikste faktor geword vir die finale opname van die boek in die versameling heilige geskrifte. In hierdie verband kom die woorde van Josef aan sy broers in Genesis 50:20 onwillekeurig in die gedagte op: “Want julle het wel kwaad teen my bedink, maar God het dit ten goede gedink om te doen soos dit vandag is ...” (OAV).

### Literatuurverwysings

Albertz, R 2003. The thwarted restoration, in Albertz & Becking, 2003:1-17.

Albertz, R & Becking, B 2003. *Yahwism after the exile, perspectives on Israelite religion in the Persian era*. Assen: Royal Van Gorcum.

Auld, A G 1999. What was the main source of the books of Chronicles? in Graham & McKenzie 1999:91-99.

Becking, B & Korpel, M C A (eds) 1999. *The crisis of Israelite religion*. Leiden: Brill. (Oud Testamentische Studiën, Deel XLII.)
Beentjes, P C 2002. *I Kronieken: Verklaring van de Hebreeuwse Bijbel*. Kampen: Kok.
Breytenbach, A P B 1997. Meesternarratiewe, kontranarratiewe en kanonisering: 'n Perspektief op sommige profetiese geskrifte. *HTS* 53(4), 1161-1186.
Carroll, R P 1994. So what do we know about the temple? The temple in the prophets, in Eskenazi & Richards 1994:34-51.
Clines, D J A 1994. Haggai's temple constructed, deconstructed and reconstructed, in Eskenazi & Richards 1994:60-87.
Cloete, T T 1992. *Literêre terme en teorieë.* Pretoria: HAUM-literêr.
Davies, P R & Halligan, J M (eds) 2002. *Second Temple Studies, III: Studies in politics, class and material culture*. Sheffield: Sheffield Academic Press. (JSOT Supplement Series 340.)
Davies, W D & Finkelstein, L (eds) 1988. *The Cambridge History of Judaism*, *Vol 1. Introduction: The Persian period*. Cambridge: Cambridge University Press.
Deist, F 1995. Canonical literature: Some ideology-critical observations, in Nel & Van den Berg (eds) 1995:66-80.
Degenaar, J 1995. The text is an episode in an all-encompassing textuality, in Nel J & Van den Berg (eds) 1995:3-21.
Duke, R K 1999. A rhetorical approach to appreciating the books of Chronicles, in Graham & McKenzie 1999:100-135.
Eskenazi, T C & Richards, K H (eds) 1994. *Second Temple Studies 2: Temple community in the Persian period*. Sheffield: JSOT. (JSOT Supple Series 175.)
Goldstein, J (ed) 1994. *Foucault and the writing of history*. Oxford: Blackwell.
Gerlemans, G 1984. s v יִשְׂרָאֵל – Israel, in Jenni, E & Westermann, C 1984. *THAT*, Band I, 782-786. München: CHR Kaiser.
Grabbe, L L 1994. What was Ezra's mission?, in Eskenazi & Richards 1994:286-299.
Grabbe, L L 1999. Israel's historical reality after exile, in Becking & Korpel 1999:9-32.
Graham, M P & Mckenzie, L (eds) 1999. *The chronicler as author: Studies in text and texture*. Sheffield: Sheffield Academic Press. (JSOT Supple Series 263.)
Japhet, S 1989. *The ideology of the book of Chronicles and its place in biblical thought*, tr by A. Barber. Frankfurt am Main: Peter Lang. (Beiträge zur Erforschung des Alten Testaments und des Antiken Judentums 8.)
Japhet, S 1999. Exile and restoration in the book of Chronicles, in Becking & Korpel 1999:33-44.
Jeismann, K E 1985. G*eschichte als Horizont der Gegenwart.* Paderborn: Ferdinand Schäningh.
Jenni, E & Westermann, C 1984. *THAT*, Band I. München: CHR Kaiser.
Kalimi, I 2005. *The reshaping of ancient Israelite history in Chronicles*. Winona Lake, IN: Eisenbrauns.
Kristeva, J 1980. *Desire in language: A semiotic approach to literature and art.* Oxford: Blackwell.
Labahn, A 2003. Antitheocratic tendencies in Chronicles, in Albertz & Becking 2003:115-135.
Lernout, G 1987. Intertextualiteit als programma. *Spiegel der Letteren* 20/1-2, 33-42.

Nel, P J & Van den Berg, D J (eds) 1995. *Concepts of textuality and religious texts.* Bloemfontein: UOVS. (Acta Acadamia, Supplementum I.)
Poster, M 1984. *Foucault, marxism & history*. Cambridge: Polity.
Readings, B 1991. *Introducing Lyotard: Art and politics.* London: Routledge.
Riley, W 1993*. King and cultus in Chronicles: Worship and the reinterpretation of history.* Sheffield: JSOT. (JSOT Supple Series 160.)
Smith, M 1987. *Palestinian parties and politics that shaped the Old Testament*. London: SCM.
Smith, M 1988. Jewish religious life in the Persian period, in Davies & Finkelstein 1988:219-278.
Trotter, J M 1999. Reading, readers and reading readers reading the account of Saul's death in 1 Chronicles 10, in Graham & McKenzie 1999:294-310.
Van Gorp, H et al 1990. *Lexicon van literaire termen.* Wolters: Noordhoff.
Van Heerden, E 1994. Vanuit eie werk: Die skrywer as historiograaf. *Tydskrif vir Letterkunde* 32(3), 1-15.
Van Rooy, H V 1994. Prophet and society in the Persian period according to Chronicles, in Eskenazi & Richards 1994:163-179.
Van Wyk, W C 1999. Teologie en Ideologie in Esra-Nehemia. DD-proefskrif, Universiteit van Pretoria.
Venter, L 1995. Die teksteorie van Roland Barthes, in Nel & Van den Berg 1995:83-90.
Wilcock, M 1987. *The message of Chronicles*. Illinois, IL: Inter-Varsity Press.
Williamson, H G M 1977. *Israel in the books of Chronicles*. Cambridge: Cambridge University Press.